

Om God te ken

2 Petrus 1:1-11

Inleiding

- Jy kan 'n boek oor bv. President Obama van Amerika lees.
 - Allerhande interessante feite oor hom weet wat min mense weet.
 - Bv.
 - Hy is in Hawaii gebore
 - Het het 'n Swahili naam
 - Hou nie van roomys nie
- Jy kan by 'n klub aansluit van mense wat van hom hou as jy wil.
- Jy kan selfs baie oplees en jou eie boek oor hom skryf,
 - ...maar dit gaan nie beteken dat jy hom werklik ken nie.
- Wat is dit om iemand werklik te ken?
 - Hoe werk dit dan om uiteindelik
 - nie net 'n klomp dinge wat God te weet,
 - of aan 'n groep van sy volgelinge te behoort nie,
 - maar om Hom en sy krag regtig te ken?
- Ek sou seker eers kon sê dat ek pres. Obama ken as
 - ons al regtig persoonlik met mekaar te doen gehad het.
 - As daar al interaksie was
 - en ons deur 'n paar dinge saam is.
- Maar ek ken hom nie persoonlik nie.

- Ek het my info op die internet gekry.
 - Dit is daarom baie moeilik om regtig te weet wat die waarheid is en wat nie.
- As dit die selfde werk met God, dan beteken dit dat
 - ons Hom ook eerstehands en persoonlik moet ontmoet en leer ken,
 - sodat ons sal kan weet of iemand besig is om die waarheid oor Hom te praat, of nie...
- Ek dink dit werk dieselfde met God.
- Dit is presies die raad wat Petrus hier vir sy vriende gee.
 - Hy skryf hier aan 'n groepie gelowiges wat deurmekaar gemaak is deur mense wat met vreemde stories kom oor God.
 - Petrus skryf wel vir hulle oor die belangrikheid van die Bybel (v16-21),
 - maar eers... eers praat Hy oor hoe belangrik dit is om God te ken, *eerstehands en persoonlik*.
- Ons leer hier
 - **wat** jy persoonlik van God kan leer ken.
 - **Hoe** jy God al hoe meer en meer persoonlik kan leer ken,
 - en **hoekom** dit beter is om God persoonlik te ken as om net van Hom te weet.

Wat jy persoonlik van God kan leer ken

- Sommer met die seëngroet in die begin van die brief sien ons hoe belangrik dit vir Petrus is om God te ken.
- *“Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees deur julle kennis van God en van Jesus ons Here!”*
- Maar hy gebruik hier en op 2 ander plekke in hierdie gedeelte (v3,v8)
 - ‘n baie spesiale vorm van die bekende woord ‘gnosis’, wat kennis beteken.
- Die woord wat hy gebruik is ‘epignosis’.
 - Hierdie woord word oor mense gebruik om veral te wys dat die kennis wat jy oor daardie mens het, persoonlike intieme kennis is,
 - en nie net teorie uit ‘n boek uit is nie.
- En dit is hierdie tipe kennis van God wat soos ‘n sluis in ‘n dam werk.
 - Hoe meer en meer jy God eerstehands en persoonlik leer ken,
 - hoe groter gaan die sluis oop
 - en hoe groter en sterker straal van sy fenominale seen druis in jou lewe in.
 - Ons sien dit in die seengroet van vers 2.
- Daardie water wat in jou lewe invloei is genadewater en vredewater –
 - en dit kom deur hierdie tipe persoonlike eerstehandse kennis.

- En hoekom ons kan sê dat dit soos 'n sluis werk wat groter en groter oop gaan is
 - omdat daar letterlik staan: 'genade vir julle en vrede, vermenigvuldigd'.
 - Soos jy in wiskunde iets vermenigvuldig en dit meer en meer en meer en meer en meer en meer word.

- Jy kan dus
 - God se genade en vrede eerstehands persoonlik leer ken, deur Hóm eerstehands en persoonlik te leer ken.
 - Maar hierdie tipe kennis gee nog...v 3:

- *"³Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlijkheid en mag."*

- Weer word dieselfde woord vir kennis hier gebruik. En hier sien ons dat,
 - as jy God eerstehands en persoonlik leer ken,
 - sy Goddelike krag deel word van jou lewe
 - soos 'n fontein gee dit vir jou alles wat jy nodig het om
 - self te lewe
 - en God te dien

- En verder sê vers 4 dat
 - Jesus se eie heerlijkheid en mag (wonderlikheid en goedheid),
 - wat jou in die eersteplek na Hom toe aangetrek het soos 'n mot na 'n kers toe,

- is eintlik beloftes van wat Hy in jou wil doen!
 - Sy goedheid is beloftes oor jÓÚ!
- Dis dáárdie beloftes wat
 - jou aanspoor om te ontsnap daarvan om soos die wêreld vrotter en vrotter te word.
 - En dat jy selfs teenoor vrot word
 - eerder meer en meer God se karakter in jou sien groei. (vgl. Ou Afrikaanse Vertaling van vers 4).
- Wow!!! As mens al hierdie dinge bymekaar gooi sien ons een ding duidelik:
 - God gee Homself om eerstehands en persoonlik geken te word.
 - Hy kruip nie vir jou weg nie... Hy wil geken word!
- En juis vir hierdie rede, soos vers 5 sê,
 - moet en kan jy alles insit om die wonderlike God van hemel en aarde
 - eerstehands en persoonlik al hoe beter te leer ken!

Maar HOE kan jý God al hoe beter leer ken?

- Dieselfde as wat jy mnr. Obama, of enige ander persoon, eerstehands en persoonlik beter sou leer ken het:
 - deur regtig persoonlik met God te doen te kry,
 - deur interaksie met mekaar
 - en saam deur 'n paar dinge te gaan...
- Dit is wat in vers 5-7 vir ons beskryf word.

- Dis daar waar jy God eerstehands en persoonlik gaan leer ken,
 - in die 'nitty-gritty' van die lewe.
 - Waar die 'tyre' die 'teer' slaan op grondvlak.
- Hier word 'n klomp dinge gelys.
 - Maar dis nie net 'n lysie soos kraletjies aan 'n toutjie geryg nie.
 - Hierdie dinge het elke keer 'n logiese invloed op mekaar.
 - Ons lees dat ons die een met die ander moet verryk.
 - Die woordjie beteken letterlik, 'toerus' of 'aktiveer'.
- Dit is soos 'n ketting reaksie of domino's wat 'n effek op mekaar het.
 - Die een beweeg eers tot aksie as die ander een bykom.
 - Kom ons kyk hoe pas als in mekaar.
- Die lys begin met geloof.
 - Maar geloof alleen gaan niks beteken nie.
 - Dit moet verryk word met deugsaamheid - wat goeie dade en regte optrede in jou lewe beteken.
 - Kortom: As jy glo, en jy doen goeie goeters daaruit,
 - help dit jou om God eerstehands te leer ken.
- Maar hoe kan jy maak dat goeie dade in jou lewe verryk en verbeter?
 - Wel, ...met kennis.

- Hier word die verkorte vorm ('gnosis') weer gebruik wat beteken:
 - Inligting, informasie, begrip, insig.
- Jy het kennis en begrip nodig om te weet wat reg en verkeerd is.
- So kennis is nodig... maar hoe verryk jy jou kennis.
 - Jy gebruik selfbeheersing.
 - Soos enige student sekerlik weet,
 - dit help nie jy weet dis die regte ding om te gaan swot, maar jy kan jousef nie bestuur of beheer om dit te doen nie.
 - Sonder selfbeheersing gaan kennis en insig nie meer word nie.
- Maar waar kry mens selfbeheersing vandaan?
 - Om jousef te beheer en te bestuur is nie maklik nie!
 - Daarvoor is volharding nodig.
 - Hoe so?
 - Wel... volharding is
 - as jy leer wat dit is om aan te hou
 - terwyl dinge moeilik gaan en vas te byt met geduld.
 - Jy moet aanhou probeer om jousef te beheer om jou kennis te verbeter.
 - Hoe meer jy probeer, hoe meer gaan jy regkry.
- Maar volharding is moeilik!
 - Hoe kan ek my volharding verryk en verbeter?
 - Deur jou eerbied en verwondering vir die Here te laat groei.

- Dit is wat godsvrug beteken.
 - Groot respek en eerbied vir jou Here maak dat jy kan aanhou in moeilike omstandighede.
- Maar hoe kan 'n mens jou eerbied vir die Here verryk?
 - Die antwoord wat ons lysie gee lyk eers minder logies as die ander:
 - liefde onder mekaar - broederliefde.
 - Hoe verryk 'n versorgende liefde van gelowiges aan mekaar 'n mens se eerbied vir die Here?
 - Wel, dalk is dit omdat mens daar liefde in aksie sien.
 - As mens raaksien
 - hoe die Here se liefde tussen mense werk, en genees, en vrymaak en troos...
 - as jy die Here eers in praktyk gesien werk het...
 - dan ontwikkel jy eerbied vir die stil maar seker manier waarop die Here werk.
 - Maar om ons liefde vir mekaar meer te maak is seker die moeilikste in hierdie hele lysie!
 - Wat sou so kragtig kan wees om
 - mense, wat eintlik by 'default' daarop ingestel is om hulself aan mekaar te meet, mekaar te verdink en mekaar af te druk,
 - te laat omdraai om mekaar te aanvaar, versorg en lief te hê?
 - Die lysie sê "liefde vir alle mense".
 - Maar dit is nie 'n duidelike vertaling nie.

- Al wat daar in die Grieks staan is: agape.
 - Dit is God se kragtige liefde!
- Dit is sy onvoorwaardelike aanvaarding en vergifnis van jǒú
 - wat als omdraai en dit moontlik maak
 - om ewe liefdevol en geduldig met ander te wees.
- Mens kan hierdie lysie ook van onder af op volg.
 - Sy liefde in jou lewe maak dit vir jou moontlik om ander mense lief te hê.
 - As jy sien wat sy liefde in ander doen, ontwikkel jy 'n stil en heilige eerbied vir die Here.
 - As jou eerbied groei motiveer dit jou om te volhard.
 - Jou volharding sal jou help om selfbeheersing aan te leer.
 - Selfbeheersing is nodig om kennis te kry.
 - Kennis is jou nodige wysheid en insig om te kan weet hoe om goed en reg op te tree.
 - En jou goeie optrede verryk jou geloof, want
 - jy weeeeet in jou hart van harte,
 - jy kan self niks goeds doen as dit nie als begin het met God se liefde vir jou in Jesus Christus nie!
- Hierdie lysie is soos 'n leer waarmee jy elk dag op en af kan klim.
 - Hy maak sin van al twee kante af. En as jy daarmee besig is (v8)...

- “⁸As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken”
- Dit is in hierdie dag tot dag proses van elke dag lewe
 - waar jy eerstehands en persoonlik gaan begin ontdek
 - wie God is in Jesus Christus
 - en hoe sy Heilige Gees jou lei en krag gee.
- Die antwoord om God eerstehands te leer ken
 - sit só onder jou neus soos jou elke dag se gewone lewe!!
 - Val daarby in!

Die gevolge

- God is nie net
 - ‘n ver en onverklaarbare misterie
 - wat ons bitter moeilik kan leer ken en verstaan nie.
- Hy is ‘n persoonlike iemand
 - wat jy vir die res van jou lewe elke dag ‘n bietjie beter kan leer ken.
- En as jy Hom só in jou elke dag se lewe ontdek,
 - kan niemand jou met allerhande ‘nonsens’ om die bos kom lei nie.
 - Dit is presies wat Petrus vir die gelowiges probeer sê:
- “¹⁰Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en

verkies het. As julle hierdie dinge doen, sal julle nooit struikel nie.”

Slot

- As jy net die Bybel oor God lees soos wat jy ‘n boek oor Pres. Obama lees,
 - gaan jy albei ewe sleg ken.

- Ons wonderlike God gee Homself om eerstehands en persoonlik geken te word.
 - Hy het genade en vrede om vir jou te gee.
 - Hy wil vir jou gee wat jy nodig het om te lewe en Hom te dien!
 - Hy kruip nie weg nie, Hy wil geken word!

- Juis vir daardie rede kan jy alles insit
 - om God in jou elke dag se lewe te ontdek
 - want dit is daar waar jy eerstehands en persoonlik die effek van sy groot liefde sal sien.

- Mag die Here God ons die genade gee om
 - Hom elke dag raak te sien en te ontdek,
 - Hom eerstehands en persoonlik leer ken
 - en daaruit sy goddelike natuur in ons gesien kan word
 - as sy beeld draers soos by die skepping.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
25 September 2016